

Jou Hoogste Roeping,



Man van God

Amanda Buys se Geestelike Dekking

Hierdie is 'n produk deur Kanaan Bedieninge, 'n nie-winsgewende bediening onder die dekking van:

- El Shaddai Christelike Kerk, Durbanville
Pastoor Ken Turner
- Biblisches Glaubenszentrum Ludwigsburg
Pastor Karl-Heinz Gunther, Duitsland
- Hatfield Gemeente, Vaaldriehoek
Pastoor Edward Gibbens
- Intercessors International
Noël Bell, Australië

Daar is geen kopiereg op hierdie materiaal nie. Geen gedeelte van hierdie materiaal mag egter gereproduseer en/of aangebied word vir **persoonlike** gewin nie. Alle regte van hierdie materiaal word voorbehou om die Koninkryk van die Here Jesus Christus **ALLEENLIK** te bevorder.

Gepubliseer deur: Kanaan Bedieninge

Vir verdere inligting of die plaas van 'n bestelling, kontak ons asb. by:

Posbus 15253

John Vorsterrylaan 27

Panorama

Plattekloof Uitbr. 1

7506

Parow 7500

Kaapstad

Kaapstad

Suid-Afrika

Suid-Afrika

Tel.: (+27) (021) 930 7577

Faks: (+27) (021) 930 7070

E-mail: kanaan@iafrica.com

Webblad: www.kanaanministries.org

Kantoorure: Maandae tot Vrydae, 9vm – 3nm.

INHOUD

DEEL I: Heiligmaking	4
DEEL II: Versoeking	8
DEEL III: ‘n Man se diepste vrae	15
DEEL IV: Seks, ‘n man se moeilikste versoeking	19
DEEL V: Oorwinning deur die Volkome Werk van Jesus	25

Jou Hoogste Roeping, Man van God

DEEL I HEILIGMAKING

1 Pet. 1:15,16: “Maar soos Hy wat julle geroep het, **Heilig** is, moet julle ook in jul hele lewenswandel **heilig** word, omdat daar geskrywe is: Wees **heilig**, want Ek is **heilig**.”

Die woord “Heilig” beteken om in **ons hele** wandel vir God **afgesonder** te wees van die wêreld.

DRIE STADIUMS VAN PERSOONLIKE HEILIGMAKING

1. Afsonder van die Wêreld

In God se gedagtes is ons **heilig**, omdat ons **afgesonder** is van die wêreld in ons **redding** deur geloof in Christus se **offer**.

Heiligmaking hang van jou af

2 Kor. 6:17,18: “Daarom, gaan onder hulle uit en **sonder julle af**, spreek die Here; en **raak nie aan wat onrein** is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle ‘n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige.”

Manne, God roep julle om uit te kom en julle te skei – en om dan afgesonder te bly van alles wat “onrein” is.

Vraag: Het jy al ooit ‘n besluit gemaak om persoonlike heiligmaking na te streef?

Maak nie saak hoe onheilig jy was of hoe onheilig jy dalk op hierdie oomblik is nie, vandag kan vir jou ‘n **nuwe** begin wees. Alles **nuut**. ‘n Aflegging van die oue en ‘n opneem van die nuwe.

Gebed:

Hemelse Vader,

Ek wil heilig word in U oë – en ek is desperaat daarvoor in dat ek wil hê U moet my sondes vergewe en dat ek gered moet word van 'n ewigheid in die hel. Ek besef ek is hulpeloos om myself te red en niks wat ek ooit doen kan vergoed vir wat ek teen U gedoen het nie. Ek glo U het my lief genoeg sodat U vir Jesus gestuur het om in my plek te sterf. Dankie vir so 'n wonderlike daad van liefde. Ek ontvang nou Christus se dood vir my en ek vertrou in Sy offer en vra Hom om my Redder te wees.

In Jesus Naam, Amen.

Geteken: _____

Datum: _____

2. Jou Liggaam as 'n Lewende Offer

Rom. 12:1: “*Ek VERMAAN julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul **liggame** stel as 'n **lewende, heilige** en aan God welgevallige **offer** – dit is julle redelike godsdiens.*”

Die **tweede** stadium is die aanbieding van jou lewe aan God deur dankbaarheid vir Sy liefde en genade vir jou.

Hierdie stap is 'n opsionele stap om jousef aan te bied as 'n **lewende offer** – en moet **gewilliglik** en **vrywilliglik** gedoen word, om jousef af te **sonder** van die wêreld, selfs van jou **eie begeertes**, om jousef af te sonder vir die Here.

Nadat jy gered is, moet jy die Here se uitroep in jou hart, in die oë kyk. Heiligmaking begin altyd met die hart. Dit is nie 'n stel reëls en regulasies nie, maar 'n **verhouding** van **vertroue** en **algehele toewyding**.

Mat. 16:24: “*Toe sê Jesus vir Sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy **homself verloën** en sy kruis opneem en My volg.*”

Sonder 'n **begeerte** om Jesus te volg, sal jy nooit die prys kan betaal wat Hy vra nie. Hy wil nommer Een wees vir jou, bo enigiemand anders, so nie kan jy bloot nie Sy dissipel wees nie. Hy vra jou om Hom die “akte” te gee van alles wat jy vandag of ooit in die toekoms sal besit.

Vraag: Is jy gereed om voor Christus te gaan staan en jousef vir Hom aan te bied as 'n lewende offer – totaal sterf aan self, jou eie begeertes, drome – en vir Hom te lewe en die vervulling van Sy visie vir jou?

Dit is BAIE ernstig – nie slegs vir jou nie, maar ook vir die Here. Verneder jousef voor die Here en kniel net daar waar jy is. Dit is 'n ware oomblik van **Bestemming**.

Gebed:

Liewe Hemelse Vader

Ek het U oproep gehoor om myself aan U te bied as 'n lewende offer, heilig en aanvaarbaar vir U. Ek bely dat tot op hierdie punt in my lewe, meeste van die tyd, het ek vir myself gelewe en U op die agtersitplek van my lewe geplaas. Ek bely en draai my rug op hierdie afgodery, omdat ek oortuig is van die groot sonde van myself te plaas as die god wat ek gedien het, en nie vir U nie.

Ek bied myself nou aan U as 'n lewende offer. Ek kies vrywillig en vryelik om U te volg, myself te verloën, my kruis op te neem, en U te volg. Ek gee myself nou aan U in opregtheid en heelhartig en deur hierdie daad om myself af te sonder, word ek 'n heilige man van God in my hart. Nooit sal ek hierdie oomblik betwyfel, ongeag van wat in my lewe gebeur het, nie in die verlede, of die toekoms nie. Ek dank U dat U my offer ontvang, wat ek gee uit die liefde in my hart vir U en 'n begeerte om U met volle oorgawe na te volg. In die Heilige Naam van Jesus Christus, Amen.

Geteken: _____

Datum: _____

3. Strewe na Heiligmaking

2 Tim. 2:19,21,22: “Ewenwel, die fondament van God staan vas met hierdie seël: Die Here ken die wat syne is; en: Laat elkeen wat die **Naam** van Christus noem, **afstand doen** van die ongeregtigheid.

As iemand hom dus hiervan deeglik **reinig**, sal hy 'n voorwerp tot **eer** wees, **geheilig** en **bruikbaar** vir die Here, toeberei vir elke **goeie werk**.

Maar vlug vir die begeerlikhede van die jonkheid en **jaag na geregtigheid, geloof, liefde, vrede**, saam met die [Christene] wat die Here uit 'n **rein hart** aanroep.”

Praktiese heiligmaking is 'n lewenslange proses van reiniging van die self van sonde en die najaag van **geregtigheid**.

Jy moet God soek vanuit 'n **opregte hart** deur algehele **gehoorsaamheid**.

Die verantwoordelikheid om jouself te “**reinig**”, van “**wellus weg te vlug**” en “**geregtigheid na te jaag**”, is die verantwoordelikheid van elke gelowige, nie die Here s'n nie.

Die Heilige Gees woon in die lewens van almal wie vir Christus ken en Hy werk in en deur ons om te wil en te doen wat Hom behaag. Sy behae is dat jy 'n man van heiligheid sal word. – die Here werk baie diep, maar Hy gee opdrag dat jy jouself moet reinig!

Aan almal wie sal **gehoorsaam** wees en **uittrek** (Israelite uit Egipte), **reinig, vlug** en **najaag**, “hy sal 'n voorwerp van eer wees, geheilig en bruikbaar vir die Meester, voorberei vir elke goeie werk.”

Vraag: Sal jy jou hart oopmaak vir die oortuigingskrag van die Heilige Gees en vir Hom vra watter dinge uit jou lewe gereinig moet word?


Sit stil voor Hom – moenie haastig wees nie – **LUISTER!**

Maak 'n lysie – die punt is nie die **lengte** van jou lysie nie – dit is wat jy **doen** met jou lysie.

Neem elk van hierdie punte en bely hulle een vir een voor die Here. Vra vir Sy vergifnis en reiniging totdat elke item op hierdie lys skoon is.

Baie belangrik - Onthou!

Hierdie oefening behoort gereeld gevolg te word soos jy vorder op die pad van heiligmaking.



DEEL II

VERSOEKING

1 Kor. 10:12,13 “Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie. Geen versoeking het julle aangegryp behalwe ‘n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle **kragte versoek** word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die **uitkoms** gee, sodat julle dit sal kan **verdra**.”

Versoekings is strategies in jou stryd vir persoonlike heiligmaking. Hoekom? Omdat hulle tussen jou en jou doel van heiligmaking lê. Hoe? Versoekings is die **ingang** vir elke sonde. Selfs al het jy dit nie herken nie, was daar ‘n **versoeking** nog voordat jy gesondig het. Op die oomblik van ‘n versoeking, kan jy of **neerlaag** of **oorwinning** ervaar.

Het jy al ooit gehoor: “God het my dit laat doen” of “Die versoeking was net te groot, ek kon nie myself help nie” of “Die duiwel het my dit laat doen”, ens, ens.??

Dit word genoem “**rasionele leuens**”. Ons probeer onself toestemming gee om te sondig.

Waarheid: “Geen versoeking het oor my gekom, behalwe dit wat menslik is nie.” Moet nooit vir ‘n oomblik glo dat jou versoekings “te sterk” is nie, omdat dit nie so is nie, nooit was nie, en nooit sal wees nie.

Die Here ken jou en jou beperkinge en Hy stop die krag van die versoeking op ‘n soewereine wyse voordat dit deur jou vermoëns breek om “nee” te sê. God sê Hy is **getrou** en sal nie toelaat dat dit gebeur nie.

God is **altyd** daar vir jou wanneer jy in die versoeking beland. **ALTYD**.

God beperk nie slegs die krag van die versoeking nie, maar Hy voorsien ook die **ontsnappingsroete** uit daardie versoeking. Die “ontsnapping” het **een** doel en net **een** alleen: **Om jou in staat te stel om op suksesvolle wyse jou versoeking in die oë te kyk sonder om te sondig.**

Die presiese betekenis van “**uitkoms (escape)**” in hierdie vers, is ‘n **geheime deurgang** deur die berg, of ‘n **valdeur** uit ‘n tronk, of ‘n **tonnel** rondom die gevaar.

Om te **ontsnap**, is ‘n manier om “**vry te kom, uit te kom, los te breek, ens.**”

Jou weg van uitkoms is vir jou gemaak in daardie presiese situasie. Nie “n” weg van ontsnapping nie. Nie “baie” weë van ontsnapping nie. Net “die” weg van ontsnapping – op daardie **oomblik**, in daardie **presiese situasie**, **net vir jou**.

Dit is **die** weg van ontsnapping vir “jou” gedurende jou tyd van versoeking. God wil nie hê ons moet sondig nie – Hy het alles wat nodig was gedoen in elke versoeking om die ontsnappingsroete vir jou te voorsien.

GOD IS GETROU EN SAL DIE WEG VAN ONTSNAPPING VOORSIEN

Ongeag jou getrouheid of ontrouheid. Sy karakter verander nie in reaksie op jou nie – Hy is **ALTYD** getrou.

Hy doen alles wat nodig is vir jou om in staat te wees om heilig te bly, reg in die aangesig van sterk en aanhoudende versoekings.

Wat is ons Verantwoordelikheid?

Die Here **beperk**. Die Here voorsien **die uitkoms** (ontsnapping). Maar ons **dra die versoeking**.

Die term “dra” kom van ‘n Griekse woord om “te dra ten spyte van” en sluit die konsep van **uithouvermoë** en **vasberadenheid** onder **spanning** en **nood** in.

2 Tim. 3:11: “...vervolginge, lyding, soos my te beurt geval het in Antiochië, in Ikonium, in Listre. Watter **vervolginge het ek nie al verdra nie!** En die Here het my uit almal verlos.”

1 Pet. 2:19: “Want dit is genade as iemand, ter wille van die gewete voor God, **leed verdra deur onregverdig te ly.**”

“Dra” of “verduur” kan beslis **lyding en smart** insluit.

Ons word uitgedaag om te verduur onder die lyding en smart – dit sal insluit **moeilikhede, nood, teleurstelling/ontmoediging**.

“Dat jy **in staat** sal wees om dit te verdra” – ongeag die aard van die versoeking, jy kan altyd krag vind om in staat te wees om dit te verduur – maak nie saak hoe **moeilik**, hoe **lank**, hoe **pynlik**, hoe **verwarrend**, hoe **onverstaanbaar** – jy sal altyd in staat wees om dit te verduur.

Efes. 6:13 “**Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil [gevaar] en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly.**”

Die Skokkende Waarheid hoekom jy Versoek word!

Jak. 1:14 “Maar elkeen word versoek as hy deur syeie **begeerlikheid weggesleep** en **verlok** word.”

Die bron van versoeking is **binne-in** jou!

Die woord “**begeertes**” is wat ons vertaal as “welluste”

1 Kor. 10:6 “En hierdie dinge was voorbeelde vir ons, dat ons nie **begerig** moet wees na slegte dinge soos hulle **begerig** was nie.”

Mat. 5:28 “Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na ‘n vrou kyk om haar te **begeer**, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het.”

Jak.4:1-2 “WAARVANDAAN KOM oorloë en vegterye onder julle? Kom hulle nie hiervandaan, van julle **welluste** wat in julle lede stryd voer nie? Julle **begeer** en julle het nie, julle pleeg **moord** en is **naywerig** en julle kan niks verkry nie. Julle **veg** en maak **oorlog**, en julle het nie, omdat julle nie bid nie.”

Rom. 13:14 “Maar bekleed julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir **die vlees** om sy **begeerlikhede** te **bevredig** nie.”

Efes. 4:22 “...dat julle, wat die **vorige lewenswandel** betref, die oue mens moet aflê wat deur die **begeerlikhede** van die verleiding te gronde gaan;”

1 Tim. 6:9 “Maar die wat **ryk** wil word, val in **versoeking** en **strikke** en baie **dwase** en **skadelike begeerlikhede** wat die mense laat **wegsink** in **verderf** en **ondergang**”

2 Tim. 2:22 “Maar **vlug** vir die **begeerlikhede** van die jonkheid en jaag na **geregtigheid, geloof, liefde, vrede**, saam met die wat die Here uit ‘n **rein hart** aanroep.”

1 Pet. 2:11 “Geliefdes, ek vermaan julle as bywoners en vreemdelinge om julle te onthou van **vleeslike begeertes** wat **stryd** voer teen die siel;”

1 Joh. 2:16 “Want alles wat in die wêreld is – die **begeerlikheid van die vlees** en die **begeerlikheid van die oë** en die **grootsheid van die lewe** – is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld.”

Die enigste oorsaak wat ons kan waag om te blameer vir daardie versoeking, is dit wat gesetel lê in die **wellus van ons hart**.

Om die skuld op iets/iemand anders te pak, was nog altyd die wyse om verantwoordelikheid en die feit dat ek moet rekenskap gee, te ontduik.


“Sy / hy het my dit laat doen ...”

Versoekings kan slegs werk a.g.v. jou wellus.

Wat is die kern van elke versoeking?

BEDROG! Hoe beter die bedrog, hoe beter die versoeking.

Kaal hoeke vang nie lewendige vis nie!



“**Versoekings**” is geslepe jagters. Hulle is **aktief** en nie **passief** nie. Hulle kom **agter jou aan**, i.p.v. dat jy agter hulle aangaan.

Die Sewe Stappe van Versoekings:

Jak 1:14, 15 “Maar elkeen word **versoek** as hy deur sy eie **begeerlikheid weggesleepen verlok** word.


15 Daarna, as die **begeerlikheid** ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort.”

1. DIE KYK: Eerste stap: Jy moet die versoeking **sien / bedink** voordat jy kan begin om dit te begeer. Jy moet “**weggetrek**” word deur of te **sien, ruik, voel** of aan iets te **dink**. Op daardie **oomblik**, afhangende van jou “**wellus faktor**”, is jy kwesbaar om “**verlei**” te word.

2. JOU WELLUS: Wanneer jy “waggetrek” is, beweeg die versoeking na die **kritieke stadium** in die hele proses van om jou weg te lei vanaf “heiligheid” of selfs “onskuld” op daardie oomblik, na die daad van sonde of “onheiligheid”. Wanneer jou aandag eers getrek is, is die kritieke punt daarin gesetel of die versoeking jou aandag lank genoeg sal kan behou sodat jou “**welluste**” of “begeertes” opgewek kan word.

“**Verlei**” beteken in werklikheid, “**om aas uit te sit**” of “**om te verstrik**”.

3. DIE AAS: Die versoeking **gryp** jou **aandag** en fokus dit op iets wat net vir jou **goed** mag **lyk**, op hierdie **betrokke tyd** en **plek**. Dan begin die versoeking daardie wonderlike aas rondswaai, reg voor jou oë! Hoe **langer** jy na die aas kyk, of dink aan daardie versoekingsgedagte, hoe meer **krag** kry dit blykbaar die oorhand oor jou en begin jou al meer versoek.



4. DIE BEVRUGTING – Begeerlikhede is bevrug.

5. DIE GEBOORTE – Geboorte aan sonde.

6. DIE GROEIFASE – Sonde word groot.

7. DIE DOOD – Bring die dood voort.



GEVAAR!! STOP!!

Die oomblik wanneer jou emosies opgewek word, is jy in gevaar.

Die oomblik wanneer jy jouself vertel alles is reg om 'n bietjie nader te beweeg, of om 'n tweede keer te kyk, of nog 'n oomblik langer te huiwer, of om net nog een klein sekonde langer te fantaseer – is die oomblik wanneer jou heiligheid in gevaar is om verlei te word tot in die “onheilige” kategorie.

Dit is duidelik – **versoeking kan nie sonde wees nie**. Dit is die “**advertensie**” wat jou moet **verlei** om te **koop**! Tot die oomblik wat jy ‘**koop**’, het jy nog nie gesondig nie.

Baie mans is verward oor hierdie saak. **VERSOEKING IS NIE SONDE NIE** – dit is nie boos, duiwels of sondig nie. Dit is net deel van die lewe.

Die Belangrikste ding om te leer op die Pad na Heiligheid

Jy moet **onmiddellik** identifiseer wanneer jy “weggetrek” is en wanneer jy in die proses is van om “verlei” te word.

Op daardie presiese oomblik moet jy **wegdraai**. Hoe **gouer** jy **ophou** om die versoeking te oorweeg, hoe **veiliger** is jy. Hoe **langer** jy die versoeking oorweeg, hoe **sterker** word dit.

Die maklikste tyd om heilig te bly, is in die eerste oomblik wanneer jy “weggetrek” of “verlei” word. Wanneer jy 'n verleidende situasie opmerk, **omgord** jou **verstand**, **versterk** jou **wil** en begin **oorlogvoering** doen in die Naam van Jesus!

Die Bybel openbaar **twee spesiale kategorieë** van intense versoekings.

1. Geestelike Versoeking

Die **eerste kategorie** van intense versoeking kom vanuit die **geesteswêreld** en die meesterbrein daaragter, is satan.

'n Voorbeeld van hierdie kategorie in die Bybel is in die Boek van **Job**. Hierdie aanval was algeheel vernietigend, pynlik, langdurig en verwarrend. Job het sonder blaam voor God gewandel. Hoe meer goddelik die man, hoe 'n groter bedreiging is hy vir die vyand – hy probeer om die mens se karakter en lewe te vernietig, om hom sover te kry om teen God te draai of om op te hou om God te dien en in Sy Koninkryk te bedien. **Wees voorbereid!**

2. Innerlike Versoeking

Die **tweede kategorie** kom van die **innerlike wêreld** en die meesterbrein is ons **eie vlees**.

Hulle is nie almal dieselfde nie, maar beide is baie moeilik om te oorkom.


In hierdie geval, i.p.v. dat die man so Goddelik is, en die sterk aanvalle van satan kry, is dit 'n goddelose Christen wat die sterk versoekings ontvang van sy volgehoue patroon van sonde.

Die versoekings kom van **binne** die mens, i.p.v. buite – en vanuit sy **eie wellus**, i.p.v. die “brullende leeu” wat soek om te verslind.

Romeine 6:12,16,19: *“12 Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy **begeerlikhede** gehoorsaam sou wees nie.
16 Weet julle nie dat aan wie julle juis self as diensknegte tot beskikking stel om hom **gehoorsaam** te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie - òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid? 19 Ek spreek menslikerwys ter wille van die swakheid van julle vlees; want net soos julle jul lede diensbaar gestel het aan die onreinheid en **wetteloosheid** om **wetteloos** te wees, so moet julle nou jul lede diensbaar stel aan die **geregtigheid** tot **heiligmaking**”*

Hoe meer 'n mens “ingee vir sy wellus”, hoe meer word hy 'n **slaaf** van sy wellus. Daardie welluste groei vanuit “wetteloosheid”, wat lei tot “meer wetteloosheid”. M.a.w., **Indien jy voortgaan om jou welluste toe te laat om oor jou te heers, sal hulle presies dit doen.**

Hul heerskappy sal **sterker** en **sterker** word – en soos hul **krag groei** a.g.v. jou **herhaalde** sonde, so sal ook die krag van hul versoekings toeneem.



Dit is die **rede** hoekom Christenmans sulke kragtige **verslawings** aan sonde ervaar. Nie a.g.v. die oorweldigende aard van die versoekings nie, maar omdat hulle **herhaaldelik** – en **gewillig** – hul **liggame** en **siele aangebied het vir daardie sonde**.

So 'n persoon moet nou kies om te **bely**, sy verstand te **vernuwe**, en sy gedrag te **hervorm** – kies om daardie kragtige welluste te **weier** – en selfs **bevryding** te ontvang indien nodig.

Deur **volhouding en aktiewe onderdanigheid** aan die Heilige Gees, kan hy mettertyd hierdie wellus binne sy hart oorwin.

Vraag: Ervaar jy groot, oorweldigende versoekings? Dit beteken dat jy toegee het aan jou vleeslike begeertes – oor en oor.
Die uiterlike versoekings het nie sterker as voorheen geword nie – jy het egter gekies om jou welluste te voed.

DEEL III

'N MAN SE DIEPSTE VRAE

- **Het ek dit wat nodig is om man te wees?**
- **Is ek kragtig?**



Totdat 'n man nie wéét dat hy 'n man is nie, sal hy verewig probeer om te bewys dat hy wél is, terwyl hy terselfde tyd wegstroom van enigiets wat moontlik die teendeel sal bewys. Meeste mans leef asof hul agtervolg word deur dié vraag (dit spook by hulle)

Waar kom manlikheid vandaan?

Manlikheid word **geskenk/bestee**. 'n Seun leer wie hy is en wat hy het, van 'n manspersoon of in 'n geselskap van mans. Hy kan dit nie van ander seuns leer nie en hy kan dit ook nie in die wêreld van vrouens leer nie. Die oorspronklike plan van die begin af was dat die **Pa** die fondasie in die jong seun se hart sou lê, en aan hom die noodsaaklikste kennis en vertroue in sy eie krag, sou oordra.


Pa sou die eerste man in sy lewe wees en vir altyd die belangrikste. Bo alles, sou hy **die vraag** vir sy seun beantwoord en ook aan hom sy naam gee. Vroulikheid kan **nooit** manlikheid skenk/bestee nie.

Die seun draai na sy **moeder** vir **vertroosting**, maar na sy **pa** vir **avontuur**, om sy **kragte te toets**, en bowenal om die **antwoord** tot sy vraag te kry.

Manlikheid is 'n **wese** wat moeilik is om te bewoord, maar wat 'n seun op 'n natuurlike wyse na **smag** net soos hy na kos en water smag.

Op soek na die antwoord

Elke man het 'n wond opgedoen. Ons leef in 'n gebroke wêreld vol gebroke mense. Ons aardse vaders het ons gefaal om die antwoord seëninge en erkenning aan die seun te gee van, en dit het mans nagelaat met **twee basiese opsies**: Mans **oorkompenseer** vir hulle wond en word gedryf (opvlieënd, driftig); óf hulle **onttrek** en raak **passief** (sit terug). Baie keer is dit 'n mengsel van beide.



Wat maak ons nou met die fundamentele vraag? 'n Man se **kern vraag** gaan nie net weg nie – dit vorm die dryfkrag agter alles wat ons doen.

Waarheen gaan 'n man dan vir 'n **sin** van **bevrediging/geldigheid**?

- Na sy besittings?
- Hoe mooi sy vrou is?
- Wie aandag aan hom skenk?
- Hoe goed is hy in sy sport?

...wees net iemand!

Neem sy vraag na Eva

Hoekom is **pornografie** die mees verslawende ding op aarde vir die man? Daar is vir seker die feit dat mans visueel bedraad is, dat prente en fotos mans baie meer as dames stimuleer. Maar die diepste rede is dat die verleidelike skoonheid na sy binneste uitreik en **die desperate honger vir erkenning** as 'n man aanraak, dit wat hy nie eers geweet het bestaan nie, en raak hom aan soos niks wat hy al ooit voorheen ervaar het nie.

As 'n man 'n **ereksie** voel, dan voel hy **kragtig**. Hy voel **sterk**. Vir baie mans is Die Vraag bedraad aan sy penis. As hy soos 'n held seksueel kan voel, dan ís hy die held! As die man nie 'n ereksie kan kry nie, glo hy dat hy nie 'n "man" is nie. Vroulikheid kan manlikheid **aanwakker** maar dit kan **nooit** manlikheid skenk/oordra nie. Wanneer 'n man sy vraag na die vrou neem, word hy óf **verslaaf** óf **ontman**. Gewoonlik gebeur beide.

Homoseksualiteit

Hierdie mans weet dat wat hulle in hulle harte kortkom is **manlike** liefde. Die probleem is egter dat hulle dit geseksualiseer het. Homoseksualiteit is 'n poging om die wond te herstel/genees deur dit te probeer opvul met manlikheid, óf deur 'n manlike leefwyse wat ontbreek het óf deur manlike krag wat baie mans voel hulle nie besit nie.

Dit is ook 'n nuttelose soeke en dit is waarom die oorweldigende aantal homoseksuele verhoudings nie baie lank hou nie, waarom soveel "gay" mans van een na die ander man beweeg en waarom so baie van hulle aan depressie en baie ander tipes verslawings ly. Wat hulle benodig kan hulle nie daar vind nie.

Eva se wond

Elke vrou kan jou van haar wond vertel, sommige is veroorsaak deur geweld, ander is veroorsaak deur verwaarloosing/nalatigheid. Net soos elke seuntjie een vraag vra, so vra elke dogtertjie ook een. Haar vraag is nie soseer oor haar krag nie. Nee, die diepste uitroep van 'n dogtertjie se hart is: **is ek pragtig?** Elke vrou het nodig om te weet dat sy **voortreflik, eksoties** en **uitverkies** is. Die kern van haar identiteit, die wyse waarop sy God se Beeld uitdra.

Sal jy my agternasit/najaag?

Verskaf ek jou genot?

Sal jy vir my baklei?

En net soos elke seuntjie is elke dogtertjie ook gewond. Die wond lê reg by die kern van haar hart se skoonheid en laat 'n verwoestende boodskap na: **Nee, jy is nie mooi nie en niemand sal regtig vir jou veg nie.**

Net soos jou wond, word hare die meeste van die tyd deur haar Pa veroorsaak. 'n Dogtertjie kyk na haar Pa om te weet of sy mooi is. Die krag wat hy het om haar te vermink of om haar te seën is net so vreesaanjaend vir haar as vir 'n seun. As hy 'n geweldadige man is kan hy haar verbaal of seksueel besoedel. Die boodskap is: **Nee, jy is vuil. Enige iets aantreklik rakende jou is donker en boos. Jy is nie begeerlik nie, jy sal nie beskerm word nie, niemand sal vir jou baklei nie.**

As die vader passief is, sal die dogtertjie 'n baie pynlike stil verlatenheid beleef (abandonment).

Mans wat hulle Sterkte Offer

Ons **seksualiteit** word aangebied as 'n gelykenis van verstommende diepte wanneer dit kom by **manlikheid** en **vroulikheid**.

Die man kom en **offer** sy **sterkte** en **krag** en die vrou nooi hom binne in haar in, 'n daad van moed, toeganklikheid en onselfgugtigheid van beide verg. As die man nie **optree** tot die geleentheid nie, sal niks gebeur nie. Hy moet beweeg, sy krag/sterkte moet opswel voordat hy haar kan binnedring. Maar die liefde sal ook nie voltrek/toppunt kan bereik as die vrou haarself nie oopmaak met verstommende toeganklikheid nie. Die man dring sy vrou binne en offer aan haar sy krag. Hy **stort homself binne in haar**, vir haar, sy trek hom in, omhels en omvou hom. Wanneer alles verby is, is hy uitgeput, maar dit is wonderlik soet!

En dit is hoe **lewe** geskep word. Die skoonheid van 'n vrou wek 'n man op om 'n man te wees, die krag van 'n man wat liefdevol aan sy vrou geoffer word, laat haar toe om pragtig te wees, dit gee lewe aan haar en vele ander. Hierdie proses is baie, baie meer as net seks en orgasme. Dit is 'n realiteit wat uitstrek na elke aspek van ons lewe. Wanneer 'n man homself van sy vrou weerhou, dan laat hy haar sonder die lewe na, wat slegs hy aan haar kan gee.


Lewe en dood lê in die mag van die tong (Spr. 18: 21). Sy is **geskape vir** en **begeer** woorde deur haar man gespreuk. As 'n man weier om homself te offer, dan laat hy haar leeg en onvrugbaar. 'n

Geweldadige man vernietig met sy **woorde**, 'n **swygende** man **honger** sy vrou **uit**. As jou bruid besig is om te "verlep", dan is jy besig om haar van iets te weerhou. Jou **woorde**, jou **aanraking**, maar **veral** jou **behae** in haar.

Onder die skaduwee van 'n man se sterkte, vind die vrou rus.

Ja, jy is pragtig! Ja, daar is iemand wat vir jou wil veg!

VRAAG: Manne, wil jy vir jou vrou se hart veg?



As jy haar gebruik het

Die meeste mans wil 'n meisie hê sonder enige prys wat hy moet betaal. Hulle wil al die plesier van die skoonheid hê sonder enige probleme in die proses van die stryd. Dit is al waarvoor **pornografie** gaan – om die vrou te geniet ten koste van haarself. Pornografie gebeur wanneer 'n man aandring dat 'n vrou hom moet stimuleer; hy **gebruik** haar om 'n gevoel van manwees te kry. Hierdie is 'n valse sterkte omdat dit van 'n buite bron afhanklik is in plaas daarvan om uit die diepste van sy wese te straal. Hy offer niks en neem alles.

VRAAG: Was jy al ooit skuldig aan hierdie sonde?

DEEL IV

SEKS – ‘N MAN SE STERKSTE VERSOEKING

1 Thessalonisense 4:3 *“Want dit is die wil van God: julle **heiligmaking**; dat julle jul moet onthou van die **hoerery**.”*

Die Wil van God is vir jou **heiligmaking** – **heiligheid** – spesifiek dat jy jou sal weerhou van **seksuele immoraliteit**.

Indien ‘n man nie sy seksualiteit onder God se beheer kry nie, sal hy nie in staat wees om ‘n man van heiligheid te word nie. Seksuele immoraliteit is ‘n drumpel-sonde.

Immoraliteit	Reinheid
Skuld	Vryheid
Leuens	Eerlikheid
Bedrog	Deursigtigheid
Verslawing	Vryheid
Skaamte	Skoon gewete

Vraag: Is hierdie area van jou lewe vir die Here aanneemlik?

Indien die probleem **nou** aanwesig is, plaas dit in rangorde van hoe groot die probleem is vanaf ‘n hoë punt “A” tot ‘n lae punt by “C”.

Was jy of het jy al..	J a	N o o i t	N o u	A	B	C
1.Immoreel deur seks voor die huwelik?						
2.Immoreel deur seks buite die huwelik? ('affair')						
3.Immoreel deur seksuele aktiwiteit met 'n ander man?						
4.Immoreel deur seksuele aktiwiteit met 'n kind?						
5.Immoreel deur seksuele perversie te prkatiseer?						
6.Immoreel deur te kyk na gedrukte pornografie?						
7.Immoreel deur na seksuele aktiwiteit op TV/video te kyk?						
8.Immoreel deur sekslyne te skakel?						

9. Immoreel deur erotiese situasies op die Internet?						
10. Immoreel deur ontkleedanse / seksuele massering by te woon?						
11. Immoreel deur wellustig te wees op seksuele wyse oor 'n ander persoon?						
12. Immoreel deur seksuele verslawing in jou privaatlewe?						


1 Korintiërs 7:2-5 “2 Maar vanweë die **hoererye** moet elke man sy **eie vrou** hê, en elke vrou moet haar eie man hê. 3 Die man moet aan die vrou die **verskuldigde welwillendheid** bewys, en net so ook die vrou aan die man. 4 Die vrou het nie **mag** oor **haar eie liggaam** nie, maar die man; en net so ook het die **man** nie **mag** oor sy **eie liggaam** nie, maar die vrou. 5 **Onttrek** julle **nie** aan mekaar nie, behalwe met **wedersydse ooreenstemming** vir 'n **tyd lank** om julle aan **vas** en **gebed** te kan **wy**; en **kom weer bymekaar**, sodat die Satan julle nie in **versoeking** bring deur julle **gebrek** aan **selfbeheersing** nie.”

Twee groot probleme met mans in hul seksuele lewens, het te doen met “**seksuele immoraliteit**” en “**selfbeheersing**”.

Wat is die oplossing?

“Laat elke man sy eie vrou hê, en elke vrou haar eie man.”

Die huweliksverhouding is God se primêre voorsiening vir jou seksuele begeertes en hul volle uitdrukking en bevrediging. Dit is nie 'n opsie, of voorstel nie, maar 'n **bevel** – jy moet jou eie vrou “**hê**”.



Die behoorlike vervulling van jou seksdrang en jou emosionele liefde en aangetrokkenheid, moet solied gefokus wees op, en in die persoon van jou vrou. Sy is die God-gegewe oplossing. God het nooit bedoel dat jou seksdrang 'n probleem moet word nie, maar eerder 'n **plesier** vir jou behoort te wees.

Spreuke 5:15,18,19 “15 Drink water uit jou **eie reënbak** en **strome** uit jou **eie put**. 18 Mag jou **fontein** geseënd wees, en verheug jou oor die vrou van jou jeug 19 die **lieflike wildsbokkie** en **aanvallige steenbokkie**; laat haar **boesem** jou altyd **vermaak**, mag jy in haar **liefde gedurigdeur bedwelmd** wees.”

Bevredig Mekaar se Seksuele Behoeftes

1 Korintiërs 7:3-5 “3 Die man moet aan die vrou die verskuldigde welwillendheid bewys, en net so ook die vrou aan die man. 4 Die **vrou** het nie **mag** oor haar **eie liggaam** nie, maar die man; en net so ook het die man nie mag oor sy eie liggaam nie, maar die vrou.”

Die man moet “**sy plig vervul**” – d.i. hy moet **proaktief** die “**kos**” wees vir sy vrou se seksuele honger. God **beveel** jou en jou vrou om mekaar se seksuele behoeftes te vervul. **Goed voel so sterk oor seksuele intimiteit en ons seksdrange, dat Hy letterlik vir ons “outoriteit” gegee het oor ons huweliksmat se liggaam. Dit is die wil van God dat ons seksueel bevredig moet wees.**

Wanneer het ons nie seks in die Huwelik nie?

1 Korintiërs 7: 5 “5 Onttrek julle nie aan mekaar nie, behalwe met **wedersydse ooreenstemming** vir ’n tyd lank om julle aan **vas** en **gebed** te kan **wy**; en kom weer bymekaar, sodat die Satan julle nie in versoeking bring deur julle gebrek aan selfbeheersing nie.”

“**Ontse mekaar**” – beteken, om “**te beroof, te kort doen, te plunder, te ontnem**”.

Indien jy jou liggaam weerhou van jou huweliksmat, is jy in werklikheid besig om iets te steel wat nie joue is nie!

Indien jy “nee” sê vir jou vrou se seksuele behoeftes, beroof jy haar van iets wat God self aan haar gegee het.

Drie uitsonderings:

1. Julle kan mekaar ontsê deur “**samestemming**”. Indien **albei** saamstem om nie seksueel te verkeer nie, is dit aanvaarbaar vir die Here.
2. Julle kan mekaar ontsê “**vir ’n tyd**” wat ’n **tydsbeperking** plaas op hoe lank die uitstelling kan wees. Beide maats moet toestem.
3. Die enigste rede bekend om vir toestemming te mag vra om “**mekaar te ontsê**”, is sodat beide maats hul **volle aandag** aan geestelike dinge kan wy, insluitende **vas** en **gebed** – beide is dan betrokke in hierdie “seksuele vas”.

Laastens, julle behoort “saam te kom sodat satan julle nie versoek a.g.v. jul gebrek aan selfbeheersing nie.”

Deur nie gereelde verhoudinge te hê nie sal jou selfbeheer beslis geaffekteer word.

Indien een maat besluit om die ander te ontsê van seksuele verhoudings, is hulle in werklikheid besig om hul maat te **forseer** om **sataniese versoekings** te beveg wat hy/sy andersins nie sou ondervind het nie!

Seksuele Sake

Hebreërs 13:4 “Laat die huwelik in **alle** opsigte **eerbaar** wees en die bed **onbesmet**; want God sal **hoereerders(pornos)** en **egbrekers(moikos)** oordeel.”

God Self sal diegene oordeel wie betrokke is in seksuele immoraliteit, insluitende “one night stands”, besoeke aan prostitute, seksuele verhoudings, ens.

1 Korintiërs 10:8 “En laat ons nie **hoereer (pornos)** soos sommige van hulle gehoereer het nie, en daar het op een dag drie-en-twintigduisend geval.”

Galasiërs 5:19,21: “19 En die werke van die vlees is openbaar, naamlik **owerspel (moikos), hoerery (pornos), onreinheid, ongebondenheid**; 21 afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.”

Spreuke 7:21-23,25-27 “21 Sy het hom **verlei** deur haar baie **mooipraatjies**, deur die **gladheid** van haar **lippe** het sy hom **verlok**. 22 Hy loop **skielik** agter haar aan soos ’n bees wat na die slagpaal gaan, en soos voetboeie wat dien tot tugtiging van die sot, 23 totdat die **pyl** sy lewer **splits**; soos ’n **voël** haastig na die **vangnet** vlieg - sonder om te weet dat dit ten **koste van sy lewe is**. 25 Laat jou hart nie afwyk na haar weë nie, dwaal nie rond op haar paaie nie. 26 Want baie is die **gesneuweldes** wat sy laat val het, en talryk almal wat deur haar vermoor is. 27 Haar huis is weë na die **doderyk**, wat afdaal na die kamers van die **dood**.”




Let asseblief op: Deur by 'n prostituut te slaap, maak jy 'n deur oop vir 'n gees van **moord** en **dood**.

Die Slotsom:


Spreuke 9:10,12 "10 Die **beginsel** van die **wysheid** is die **vrees** van die **HERE**, en **kennis** van die **Heilige** is **verstand**. 12 As jy wys is, is jy wys tot jou voordeel, en is jy 'n spotter, dan moet jy dit alleen dra."

Indien jy in die middel van 'n verhouding (buite die huwelik) is, beëindig dit onmiddellik. Indien jy 'n verhouding oorweeg, stop dit vandag, in Jesus Naam. Indien jy 'n verhouding gehad het, werk deur die dinge. **KRY BEVRYDING!**
Hoe gouer jy jouself oordeel, hoe gouer kan God se dissipline afgeweer word.



DEEL V

OORWINNING DEUR DIE VOLKOME WERK VAN JESUS!



Dit is die Wil van God dat jy in elke versoeking **ten volle en langdurige** oorwinning moet ervaar. God voorsien alles wat jy nodig het om die **moeilikste** en **mees volgehoue** versoeking om te sondig, te oorkom. Ongelukkig is die meeste mans **onkundig** aangaande versoeking. Die gevolg is dat hulle onnodig op die slagveld sneuvel. Baie lê dodelik verwond – baie huwelike is vernietig deur **egskeiding, kinders** is verwond deur **verwerping, rebellie** en **isolasië**.

Drie weermagte het saamgekom om jou te vernietig. Hulle werk saam vir jou val en vernietiging. **1) Die wêreld; 2) Die Vlees; 3) Die duiwel.**

Efesiërs 2:1-3 “1 EN julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes 2 waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie **wêreld**, volgens die **owerste van die mag van die lug**, van die gees wat nou in die **kinders van die ongehoorsaamheid** werk, 3 onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die **begeerlikhede van ons vlees** toe ons die **wil van die vlees** en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander.”

Die oomblik toe jy Christus as jou persoonlike Redder aanvaar het, het die strydkreet weerklink. Vanaf daardie oomblik totdat jy jou laaste asem uitblaas, sal jou lewe nooit weer sonder oorlogvoering wees nie.

Jy is egter voorsien van **alles** wat jy ooit nodig mag hê om jou vyand om elke hoek endraai te oorwin. God voorsien jou **wapenrusting, wapens**, voorrade, mede-soldate om te help in die **stryd**, jou **gevegsplan** vir aanhoudende oorwinning, en selfs die **strategieë** en **planne** van jou vyand!

Ongelukkig het baie Christenmense al hul wapenrusting, wapens, mede soldate, voorrade en strydplanne in een groot hoop agtergelaat, vêr van die hoofstroom van die lewe en sy stryde.

Hulle glo nie dat die stryd ‘n werklikheid is nie!

My broer, jy is geroep om **al die versoekinge** te **oorkom** en te staan in die Krag van jou Groot Koning. Die Oorwinnaar Jesus het alreeds jou vyand oorwin en roep jou om by Hom aan te sluit en jou oorwinning ten volle in besit te neem!

Word 'n Oorwinnaar

'n **Versoeking** is 'n aanval teen jou en het **een doel**, om **neerlaag** tot jou te bring deur jou te **verlei** om aan God **ongehoorsaam** te wees deur te sondig. Jy moet baie onderskeidend word aangaande jou versoekings. Word meer en meer sensitief vir daardie tye wanneer jy versoek word. **Oefen! Oefen! Oefen!**

1. Eerste Bron van versoeking – Die Wêreld (Uitwendig)

Die Griekse woord vir “die **wêreld**” is “**kosmos**”. Satan beheer hierdie “kosmos” – sy **waardes**, **strategieë**, **personeel** en **doele**, wat die **stelsels** van die wêreld beheer, insluitende opvoeding, media, finansies, besigheid, ens.

Ons sal woon in die wêreld waar hy huidiglik heers as die “prins”.

1 Johannes 5:19 “*Ons weet dat ons uit God is en die **hele wêreld in die mag van die Bose lê.**”*

Wanneer ons na Jesus uitrek as Redder, beweeg Hy met ons vanuit satan se koninkryk na Sy Koninkryk van Lig.

Kolossense 1:13,14 “*13 Hy wat ons verlos het **uit die mag van die duisternis en oorgebring** het in die koninkryk van die Seun van Sy liefde, 14 in wie ons die **verlossing** het deur sy **bloed**, naamlik die vergifnis van die sondes.*”

Die eerste bron van versoeking is alles wat verbind is met die wêreld-sisteem – satan se sisteem waardeur hy die wêreld regeer en soek om almal wat behoort aan en toegewy is aan Christus, te vernietig of in oneer te bring.


1 Johannes 2:15-17 “*15 Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie. 16 Want alles wat in die wêreld is - die **begeerlikheid** van die **vlees** en die **begeerlikheid** van die **oë** en die **grootsheid van die lewe** - is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld. 17 En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig.*”

Vrae: In watter mate is jy in beslag geneem met die wêreldse stelsels?

Hoe gefokus is jy daarop om die Here te kies en nie die wêreld nie?

“die wellus van die vlees, die oë en die hoogmoed van die lewe.”

- Die “**wellus van die vlees**” sluit in **seksuele begeertes** en die **algemene** begeerte om **vermaak** te word deur sensuele dinge. Bewaak jou hart teen **fliëks** en **videos** en ure se **televisie** kykery. Waak teen die **boeke** en tydskrifte wat jy lus het om te lees.



- Die “**wellus van die oë**” sluit ook in om te **begeer** wat jy **sien** – hou jou ingesteldheid en besoek aan **inkopie-sentrums** dop. Wat is daar waarvan jy later sê “ek moes dit net eenvoudig koop!”?
Is jy in die **skuld**? Kan dit dalk wees omdat jy ‘n hoë graad van begeerte het om meer te hê as wat die Here aan jou voorsien het?
- Die “**hoogmoed van die lewe**” beteken om ‘n **selftevrede arrogansie** en **verwaandheid** te openbaar wat betref jou **uiterlike omstandighede**, insluitende **rykdom**, **posisie** of **mag**. Bv. Die “regte kleres”, die “regte buurt”, die “regte kerk”, die “regte motor”, ens.




2. Die Tweede bron van Versoeking – Die Vlees (Innerlik)

Wanneer ons Jesus Christus as ons persoonlike Redder aanvaar, het ons **ou mens** nie:

Romans 8:7,8 “7 omdat wat die **vlees bedink**, vyandskap teen God is; want dit **onderwerp** hom **nie** aan die **wet van God** nie, want dit **kan ook nie**. 8 En die wat in die vlees is, **kan God nie behaag nie**;”

Ons vlees is ‘n **letterlike vyand** van God! Ons vlees is **nie onderworpe** en **onderdanig** aan God nie. Ons kan nooit ons vlees “**bekeer**” of “**verbeter**” nie, dit sal net nie verander nie.



Die begeertes van die vlees is:

Galasiërs 5:19-21 “19 En die werke van die vlees is openbaar, naamlik **owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid**; 20 **afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, nayswer, tweedrag, partyskap**; 21 **afguns, moord, dronkenskap, brassery** en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die **koninkryk van God nie sal beërwe nie**.”

Jou “vlees” is wie jy was voor jy Jesus Christus ontmoet het.

Wat kan jy doen om oorwinning oor die vlees te ontdek en te behaal?


1. Deur Jesus se dood en opstanding, het Hy ons vrygemaak van die **slawerny van die vlees**.
2. Hy het Sy Gees in ons lewens ingestuur (Hy woon ook in ons) vir die uiterste doel om ons **vlees te oorkom** vir en saam met ons.

God se antwoord:

Romeine 8:13 “want as julle **na die vlees lewe**, sal julle **sterwe**, maar as julle **deur die Gees** die werke van die liggaam **doodmaak**, sal julle **lewe**.”

Romeine 13:13,14 “13 Laat ons **welvoeglik wandel** soos in die dag, nie in brassery en dronkenskap, nie in ontug en ongebondenheid, nie in twis en nydigheid nie. 14 Maar **beklee** julle met die **Here Jesus Christus**, en maak **geen voorsorg** vir die vlees om sy **begeerlikhede** te bevredig nie.”

Galasiërs 5:16,24 “16 MAAR ek sê: **Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie**; 24 Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en **begeerlikhede gekruisig**.”



Die sleutel tot oorwinning oor die “vlees”, is die “wandel in die Gees”, want terwyl jy dit doen, sal “jy nie die wellus van die vlees vervul nie.”

Galasiërs 5:17 “want die **vlees begeer teen die Gees**, en die **Gees teen die vlees**; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle **nie kan doen** wat julle **wil nie**.”

In praktiese terme, - daar is **twee magte** wat binne-in jou teen mekaar worstel, omdat hulle teenoorgesteldes is van mekaar. Wanneer die Gees nie in beheer is nie, is die vlees, en omgekeerd.

Romeine 8:5 “Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge.”

Leer die Heilige Gees ken en leer om baie na aan Hom te loop.

3. Die Derde Bron van Versoeking – Geestelik (Satan en demone)

Anders as die wêreld, is die duiwel ‘n **persoon** en nie ‘n stelsel nie. Hy is **gewetenloos, geslepe, misleidend, manipulerend, oneerlik** en **algeheel vernietigend**. Hy het feitlik onuitputlike versterkings om sy oorlogsplanne mee uit te voer.

Efesiërs 6:10-12 “10 **EINDELIK**, my broeders, **word kragtig** in die Here en in **die krag van sy sterkte**. 11 Trek die **volle wapenrusting van God** aan, sodat julle **staande** kan bly teen die **liste** van die duiwel. 12 Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die **owerhede**, teen die **magte**, teen die **wêreldheersers** van die duisternis van hierdie eeu, teen die **bose geeste** in die lug.”

Let wel: “Ons worstel” – die worsteling is so intens, dat die Bybel verklaar dat ons **“sterk in die Here moet wees, in die krag van Sy sterkte”**.

Die doel van jou vyand is duidelik: om jou te laat val, te laat aanhou val, en om ‘n totaal verslane, feitlik nuttelose soldaat in die Here se weermag te wees.

Die Bybel benadruk die voortgaande, deurlopende worsteling van die gelowige met sy persoonlike vyand – jy worstel direk en gereeld met onsigbare magte. Jy konfronteer nie net die duiwel nie, maar die “lis” van die duiwel ook – strategieë, planne, metodes, toertjies van misleiding, geslepenheid, ens.

Gaan in Verdediging teen die Duiwel se Versoekings

1. Moenie plek gee aan die duiwel nie – veral nie deur jou woede nie.



Efesiërs 4:26,27 “26 Word **toornig** en **moenie sondig** nie; laat die son nie ondergaan oor julle toorn nie; 27 en gee aan die duiwel geen plek nie.”

Moenie toelaat dat jou **woede** buite beheer raak nie, of dit oornag binnehou, of **wraak soek** nie.

Volgehoue sonde in ‘n sekere area gee ook ‘n **“plek”** aan satan om jou meer en meer vryelik aan te val. Hierdie is die moeilikste areas om te oorwin.

2. Moenie onkundig wees oor die duiwel se metodes nie, moet ook nie toelaat dat hy misbruik maak van jou nie – vergewe veral ander.

2 Korintiërs 2:10,11 “10 Aan wie julle iets **vergewe**, vergeef ek ook; want wie ek ook vergeef het - as ek iets vergeef het - dit was om julle ontwil voor die aangesig van Christus, sodat **ons nie deur die Satan bedrieg sou word nie**; 11 want **ons is met sy planne nie onbekend nie.**”

3. Moenie dwaas wees in jou seksuele lewe deur enigiets te doen wat jou selfbeheer sal verswak nie – satan sal daarby baat en jou onnodig versoek.

Indien jy aanvalle en versoekings van die vyand in jou **seksuele lewe** ervaar, sal jy moontlik **volgehoue**, en **sonder verband, innerlike wellustige gedagtes** ervaar, of jy kan ander versoekings teëkom deur mense wie doelbewus en aanhoudend poog om jou tot immoraliteit te beweeg, selfs wanneer jy daarvan, en van hulle af wegvlug.

4. Moenie onvoorbereid wees nie, en probeer om selfs nie een dag te leef sonder jou **algehele wapenrusting** nie. **Elke deel** van die wapenrusting is **strategies**, elkeen is **noodsaaklik** en elkeen moet “**aangetrek word**”, anders is jy nie beskerm nie!
5. Moenie onkundig wees aangaande **valse leraars** wie misleidende werkers van satan is nie.
6. **Memoriseer** en **mediteer** Sleutel Bybelgedeeltes wat direk verband hou met die areas waarin jy aangeval word:

Psalm 119:9-11 “9 *Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na U woord.* 10 *Ek soek U met my hele hart; laat my nie afdwaal van u gebooie nie.* 11 *Ek het u woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie.*”

7. **Bid** en **vas** vir oorwinning vir jouself en ander, veral gedurende swaar versoekings.

Efesiërs 6:17,18 “17 En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees - dit is die woord van God 18 terwyl julle met **alle gebed** en smeking by **elke geleentheid bid in die Gees**, en juis daartoe **waak** met alle **volharding** en **smeking** vir al die **heiliges**”

OORWIN SATAN AKTIEF DEUR DIE BLOED VAN DIE LAM EN DIE WOORD VAN ONS GETUIENIS EN DEUR NIE ONS LEWENS LIEF TE HÊ TOT DIE DOOD TOE NIE.

(Open 12:11)

